

13 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 13:31, 32**

**Fokusgedeelte: Matteus 13:31, 32**

### **Christus se koninkryk begin klein, maar dit het groot groeikrag**

Ons dink dikwels dat krag in getalle lê. Hierdie dwaalgedagte word by ons in die politieke arena gevorm, wanneer die party wat die meeste stemme trek, ook uiteindelik die regerende party word. Ons Here Jesus Christus draai hierdie gedagte die nek om in die gelykenis van die mosterdsaad. Hierdie gelykenis is een van die sogenaamde koninkryksgelykenisse wat onder andere in Matteus 13 vir ons opgeteken is.

Wanneer Jesus die vertelling van die gelykenis begin met die woorde: *“Die koninkryk van die hemel is ...”* weet ons dat Hy nog ’n aspek van Homself en sy Koningskap aan sy dissipels en aan ons wil openbaar. Om hierdie openbaring van Jesus en sy Koningskap raak te sien, gee die Heilige Gees vir ons spesifieke woorde en leidrade in Jesus se vertelling. Die leidrade lê onder andere in die feit dat Jesus praat van:

- ’n mosterdsaadjie wat geplant word (vs. 31);
- dat dit die kleinste van al die saadsoorte is (vs. 32a);
- maar as dit uitgegroeï het, word dit groter as al die tuinplante, ja, dit word inderdaad ’n boom (vs. 32b);
- dat die voëls dan in sy takke kom nes maak (vs. 32c).

Wat wil ons Here Jesus met hierdie leidrade wat Hy saai, aan ons van Homself en sy Koningskap openbaar?

*Die eerste saadjie wat Hy saai, is dat alles in sy koninkryk KLEIN BEGIN.*

- Dit is waarom Hy die beeld van die mosterdsaad gebruik.
- Dit is ook waarom Hy doelbewus byvoeg: *“... Dit is die kleinste van alle soorte saad ...”* (Matt. 13:32a).
- As ons sê dat alles *klein begin*, bedoel ons dat Jesus vir ons wil leer dat die KRAG van sy Koningskap nie in getalle lê nie.

Die tweede saadjie wat Jesus hier saai, is dat sy koninkryk geweldig baie GROEIKRAG HET, soos die groeikrag van die mosterdsaadjie bewys. Hy wil daarmee vir sy dissipels en vir ons sê dat sy koninkryk die potensiaal het OM BAIE GROOT TE WORD, ongeag die feit dat dit baie klein met min getalle begin het. Dus:

- Jesus bemoedig ons as Hy sê sy koninkryk begin klein, maar met groot krag.
- Jesus motiveer ons as Hy sê sy koninkryk het geweldige groeikrag en sal dus baie groot word.

Sing: Psalm 118:11 (Totius)

Dr. GCP Labuschagne (Vleuels)